
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# JUNIE EKSAMEN
# GRAAD 12

# 2026

## EKONOMIE

## (VRAESTEL 1)

EKONOMIE V1

C2731A

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

14 bladsye

X05

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Antwoorde wat die vereiste hoeveelheid oorskry sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer bo elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

7. Laat 2 – 3 reëls oop tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ŉ nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word voorsien as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Die metode om BBP te bereken wat die verskillende produksie sektore in ag neem, staan bekend as die ...

A produksiemetode.
B inkomstemetode.
C tersiêre sektor.
D bruto toegevoegde waarde teen markprys.

1.1.2 Besteding deur verbruikers wat verander volgens hul inkomstevlak staan bekend as ...

A outonome verbruik.
B genereerde verbruik.
C besteebare inkomste.
D marginale neiging om te verbruik.

1.1.3 Die afstand tussen die tendenslyn en die piek of trog staan bekend as die ...

A piek.
B trog.
C resessie.
D amplitude.

1.1.4 Watter sakesiklus word geassosieer met verandering in die voorraadvlakke?

A Kuznets
B Juglar
C Kitchin
D Kondratieff

1.1.5 'n Model wat die verhouding tussen belastingkoers en belastinginkomste uitbeeld, staan bekend as die ...

A kringloopmodel.
B phillips-kurwe.
C laffer-kurwe.
D sakesiklus.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.1.6 Watter van die volgende is NIE 'n effek van openbare sektormislukking NIE?

A Wisselkoersstabiliteit
B Ekonomiese onstabiliteit
C Sosiale onstabiliteit
D Verkeerde toewysing van hulpbronne

1.1.7 'n Maatreël deur die Reserwebank om beheer oor die buitelandse valutamark te neem, staan bekend as ...

A uitvoerbevordering.
B invoer-substitusie.
C invoerbeheer.
D verandering in vraag.

1.1.8 'n Amptelike en doelbewuste waardeverhoging van 'n geldeenheid, staan bekend as ...

A appresiasie.
B depresiasie.
C devaluasie.
D revaluasie.

(8 x 2) (16)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat ooreenstem met 'n item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – I) langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK, bv. 1.2.9 J.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Monetêre vloei | A | besteding deur maatskappye op kapitaalgoedere |
| 1.2.2 | Investering | B | beïnvloed die sakesiklus van buite die markstelsel |
| 1.2.3 | Politieke skokke | C | fiskale beleidfokus op die bereiking van spesifieke doelwitte vir die regering |
| 1.2.4 | Depressie | D | verteenwoordig 'n betaling wat in die kringloop gemaak word |
| 1.2.5 | Doelgerig | E | die wisselkoers mag binne 'n spesifieke limiet wissel |
| 1.2.6 | Administratiewe inkomste | F | foute en weglatings in die betalingsbalans |
| 1.2.7 | Onaangetekende transaksies | G | versprei inkomste minder eweredig |
| 1.2.8 | Beheerde swewing | H | langdurige en voortdurende afname in ekonomiese aktiwiteite |
| | | I | geld betaal vir verkeersboetes, seëlbelasting en lisensies |

(8 x 1) (8)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDBOEK. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Die markwaarde van al die finale goedere en dienste wat binne die grense van 'n land oor 'n tydperk, gewoonlik 'n jaar, vervaardig is

1.3.2 Die gedeelte van verbruikersinkomste wat nie bestee word nie

1.3.3 'n Toename in die ekonomie se vermoë om meer goedere en dienste te produseer

1.3.4 'n Vorm van finansiële bystand wat die regering aan 'n ander entiteit verskaf, gewoonlik 'n besigheid of industrie

1.3.5 Wanneer die waarde van 'n land se geldeenheid relatief konstant bly teenoor ander lande se geldeenhede met minimale skommelinge

1.3.6 Die indeks van uitvoerpryse uitgedruk as 'n verhouding van die indeks van invoerpryse (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.


**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE lekkasies in die kringloop. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoe kan natuurrampe skommelinge in die sakesiklus beïnvloed? (2)

2.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




**Figuur 2: Besteding aan BBP: Twee komponente het in K2: 2025 toegeneem**
Komponentgroeikoerse en bydraes. K2: 2025 in vergelyking met K1: 2025

**[Bron: *https://www.statssa.gov.za/wp-content/uploads/2025/09/second.jpg*]**

2.2.1 Identifiseer die metode wat gebruik word om bruto binnelandse produk te bereken uit die grafiek hierbo. (1)

2.2.2 Noem enige komponente wat besteding deur die buiteland verteenwoordig. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *bruto vaste kapitaalvorming.* (2)

2.2.4 Hoekom sou 'n toename in huishoudelike verbruik tot ekonomiese groei in Suid-Afrika lei? (2)

2.2.5 Bespreek die belangrikheid daarvan om bruto binnelandse produk na bruto nasionale produk om te skakel. (2 x 2) (4)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.3 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: *https://www.google.com/url?sa=i&url=https%3A%2F%2Fwww.wctrib.com%2Fopinion%2Fcartoons%2Feditorial-cartoon-for-nov-28-2023*]

2.3.1 Identifiseer uit die spotprent hierbo enige EEN kenmerk van die voorspoed fase. (1)

2.3.2 Noem 'n monetêre beleidsinstrument wat gebruik word om inflasie te verminder. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *prima leningskoers*. (2)

2.3.4 Verduidelik die belangrikheid van die gebruik van leidende aanwysers in die voorspelling van die ekonomie. (2)

2.3.5 Hoe kan fiskale beleid effektief gebruik word om 'n ekonomiese afswaai aan te spreek? (2 x 2) (4)

2.4 Bespreek die funksie van die regering in die ekonomiese kringloop. (4 x 2) (8)

2.5 Ontleed die belangrikheid van die handhawing van prysstabiliteit om groot skommelinge in die sakesiklus te voorkom. (4 x 2) (8)

**[40]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS


**VRAAG 3: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Lys enige TWEE items in die finansiële rekening van die betalingsbalans. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe kan privatisering tot 'n toename in ekonomiese groei lei? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




3.2.1 Wat is die oorspronklike ewewigswisselkoers in die grafiek hierbo? (1)

3.2.2 Watter wisselkoersstelsel word in Suid-Afrika gebruik? (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *buitelandse valutamark.* (2)

3.2.4 Verduidelik enige moontlike rede vir 'n verskuiwing van die vraagkurwe van V na V1. (2)

3.2.5 Verduidelik wat met die waarde van die rand gebeur wanneer V na V1 beweeg. (4)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African
GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




**[Bron: <*http://www.jnsfinancialservices.co.za/*>]**

3.3.1 Volgens die grafiek hierbo, watter tipe belasting dra die minste by tot die belastingsinkomste? (1)

3.3.2 Identifiseer 'n indirekte belasting wat die meeste inkomste vir die regering bring. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *indirekte belasting.* (2)

3.3.4 Wat is die hoofrede vir die heffing van aksynsbelasting? (2)

3.3.5 Waarom word BTW as 'n regressiewe belasting geklassifiseer? (2 x 2) (4)

3.4 Verduidelik die redes vir die mislukking van die openbare sektor met verwysing na *apatie* en *burokrasie*. (2 x 4) (8)

3.5 Ontleed die impak van 'n sterker geldeenheid (rand) op die Suid-Afrikaanse ekonomie. (4 x 2) (8)

**[40]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS


**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE teorieë wat gebruik word om die oorsake van die sakesiklus te verduidelik. (2 x 1) (2)

4.1.2 Waarom is 'n gebrek aan motivering 'n rede vir mislukking in die openbare sektor? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




4.2.1 Identifiseer die oorspronklike verbruiksfunksie in die grafiek hierbo. (1)

4.2.2 Wat is die verandering in nasionale inkomste wat in die bogenoemde grafiek getoon word? (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *vermenigvuldiger*. (2)

4.2.4 Hoe kan 'n verhoging in inkomstebelasting die totale verbruiksbesteding beïnvloed? (2)

4.2.5 Bespreek die moontlike oorsake van 'n toename in outonome besteding. (2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African
GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.3 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: ***Brandanreynolds.com/20240815***]

4.3.1 Identifiseer 'n sosio-ekonomiese kwessie wat uitgebeeld word in die spotprent hierbo. (1)

4.3.2 Noem die instelling wat die werkloosheidskoers in Suid-Afrika publiseer. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *volle indiensneming*. (2)

4.3.4 Hoekom gebruik ons die reële BBP om ekonomiese groei te meet? (2)

4.3.5 Hoe lei lae ekonomiese groei tot werkloosheid? (4)

4.4 Onderskei tussen *produktemark* en *faktormark*. (2 x 4) (8)

4.5 Hoekom is dit 'n noodsaaklikheid vir die regering om openbare goedere te voorsien? (4 x 2) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is 'n laer-orde reaksie.<br>• 'n Goeie beginpunt sou wees om die hoofkonsep wat met die vraag onderwerp verband hou, te definieer.<br>• MOENIE enige deel van die vraag in jou inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal NIE.<br>• Vermy om in die inleiding te noem wat jy in die hoofdeel gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofdeel**: Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Verduidelik/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek grafiek/Assesseer/Debatteer<br>**'n Maksimum van 8 punte kan toegeken word vir opskrifte/voorbeelde.** | Maks. 26 |
| **Bykomende deel**: Krities bespreek/Evalueer/Krities evalueer/Debatteer/Aflei Vergelyk/Onderskei/Interpreteer/Hoe?/Voorstel<br>**'n Maksimum van 2 punte kan toegeken word vir die blote lys van feite.** | Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking**<br>Enige hoërorde gevolgtrekking moet insluit:<br>• 'n Kort opsomming van wat bespreek is sonder om reeds genoemde feite te herhaal<br>• Enige mening of waarde-oordeel oor die feite wat bespreek is,<br>• Bykomende ondersteuningsinligting om die bespreking/analise te versterk<br>• 'n Teenstrydige standpunt met motivering, indien nodig<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail die nuwe ekonomiese paradigma om sakesiklusse glad te stryk. (26)
- Hoe het die Keynesiaanse (endogene) denkrigting sakesiklusse beïnvloed? (10) **[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail die redes vir internasionale handel. (26)
- Ontleed die positiewe impak van globalisering op die Suid-Afrikaanse ekonomie. (10) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African
GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

EINDE